

Ewig / Olam

Die woord “Ewig” in die Skrifte word as “Ad-Olam, Le-Olam en Olam” geken in die Hebreuse taal. Die woord kom sowat 672 voor in die Skrifte wat met of sonder samevoegings. Die woord Ewig in Afrikaans beteken: Sonder begin en sonder einde; Ewig is ‘n onveranderlik en onverganklike tyd; Sonder end, Vir altyd, Altyddeur, Gedurig, Absolute tydeloosheid, ens. In die Afrikaanse taal gebruik die vertaler die woord ‘ewig’ in die realm van die sien en onsielike dinge (*Dus die een waar VADER woon en die een waar ons in woon*). Die woord Le-Olam beteken “Tot in ewigheid”; Ad-Olam beteken “Tot ‘n ouderdom” en Olam beteken ewigheid wat gekoppel word aan “buite die horison”. Sommige geleerdes wys uit dat die selfstandige naamwoord afkomstig is van die werkwoord ‘Alam’ wat verborge, geheim en onbekende tyd beteken. Die “Olam” woord word gekonsepsualiseer in terme van die wêreld waarin ons leef, aangesien die idee van werklike ruimte in die begrip van tyd opgeneem is.

Met die boonste agtergrond moet ons dieper ingaan en ondersoek, want dit skep ‘n verwarring vir die Skrif leerling. Die leser moet (ewig) “alle tye” saamvoeg as (ewig) “sonder einde”! (*M.a.w. vir ewig en ewigdurend*) Die Hebreuse Ewig beteken “In die vere afstand” Hulle noem dit so omrede jy nie “in die verre afstand” kan kyk of sien nie. Hulle verduideliking is dat die “vere” verlede en so ook die “vere” toekoms ‘n tydperk is wat moeilik is om van te weet of om waar te neem.

Ewig word gekoppel aan “sonder einde of vir ‘n lang tyd” Dus speel tyd tog ‘n baie belangrike spel in die woord. Jy kan nou vra is ‘ewig’ ‘n tydperk of nie? As ek bv. sê: “Tot aan die einde van tyd” is dit ewig? As ek praat van ‘n man se lewe op aarde en sê: “Ewiglik sal jy as mens, nie dit of dat mag doen nie”. Ewig word gekoppel aan: “Tot aan die einde van tyd” of aan ‘n man se lewe, ouderdom of ‘n bedeling.

Hier is ‘n paar aanhalings waar ewig gekoppel word aan die mens se lewe:

Ek haal aan: *Ex. 14:13 Maar Moses het aan die volk gesê: Wees nie bevrees nie, staan vas en aanskou die verlossing van die HERE-VADER wat Hy vandag vir julle sal bewerk; want soos julle die Egiptenaars vandag sien, sal julle hulle nie weer sien in ewigheid nie.*

Ex. 21:5 Maar as die slaaf reguit sê: Ek het my heer, my vrou en my kinders lief; ek wil nie as vryman weggaan nie— :6 dan moet sy heer hom na die owerhede bring en hom by die deur of die deurpos bring; en sy heer moet sy oor met ‘n els deurboor; daarna moet hy hom vir altyd dien.

Lev. 25:46 En julle mag dié aan julle kinders ná julle nalaat as 'n erflike besitting; vir ewig mag julle hulle laat dien. Maar oor julle broers, die kinders van ~~Israel~~ Yashar'EL, die een oor die ander oor hom mag jy nie met hardheid heers nie.

1Sam. 1:22 het Hanna nie opgegaan nie; maar sy het aan haar man gesê: Eers wanneer die seun gespeen is, sal ek hom bring, dat hy kan verskyn voor die aangesig van die ~~HERE~~ VADER en daar vir altyd bly.

1Sam. 20:23 En wat die saak aangaan wat ons bespreek het, ek en jy—kyk, die ~~HERE~~ VADER is tussen my en jou tot in ewigheid.

1Sa 27:12 En Agis het Dawid vertrou en gesê: Hy het homself vir goed by sy volk, by ~~Israel~~ Yashar'EL, gehaat gemaak en sal vir altyd my onderdaan wees.

1Sa 28:2 Daarop sê Dawid vir Agis: Goed, u weet wel wat u dienaar moet doen. En Agis sê vir Dawid: Goed, ek sal jou vir altyd aanstel as my lyfwag.

Deut. 23:3 Geen Ammoniet of Moabiet mag in die vergadering van die ~~HERE~~ VADER kom nie; selfs hulle tiende geslag mag nooit in die vergadering van die ~~HERE~~ VADER kom nie;

2Kron. 7:16 So het Ek dan nou hierdie huis verkies en ~~gheilig~~ gereinig, dat My Naam daar kan wees tot in ewigheid, en My oë en My hart sal altyd daar wees.

Hier is 'n paar verse wat aan feeste gekoppel word:

Ex. 12:13 Maar die bloed sal vir julle 'n teken wees aan die huise waarin julle is: as Ek die bloed sien, sal Ek by julle verbygaan. En daar sal geen verderflike plaag onder julle wees wanneer Ek Egipteland tref nie. :14 En hierdie dag moet vir julle 'n gedenktag wees, en julle moet dit as 'n fees tot eer van die ~~HERE~~ VADER vier. Julle moet dit in julle geslagte as 'n ewige insetting vier.

Ex. 12:17 Onderhou dan die ongesuurde brode, want op daardie selfde dag het Ek julle leërs uit Egipteland uitgelei. Daarom moet julle hierdie dag in julle geslagte as 'n ewige insetting hou.

Lev. 23:41 En julle moet dit as fees van die ~~HERE~~ VADER sewe dae in die jaar vier. Dit is 'n ewige insetting vir julle geslagte...

2Kron. 2:4 Kyk, ek gaan 'n huis bou vir die Naam van die ~~HERE~~ VADER my ~~God~~ Skepper, om dit aan Hom te ~~heilig~~ reinig—om voor sy aangesig reukwerk van speserye aan die brand te steek en die toonbrode gedurig reg te sit en die brandoffers smôrens en saans te bring op die Sabbatte en op die nuwemane en op die feestye van die ~~HERE~~ VADER onse ~~God~~ Skepper—'n ewige verpligting op ~~Israel~~ Yashar'EL.

Verse wat aan die wette gekoppel is:

Deut. 13:16 En al die buit daarvan moet jy op die stadsplein bymekaarbring en die stad en al die buit as voloffer met vuur verbrand aan die ~~HERE~~ VADER jou God Skepper; en dit moet vir ewig 'n puinhoop wees, dit mag nie weer opgebou word nie. 29:29 Die verborge dinge is vir die ~~HERE~~ VADER onse God Skepper; maar die geopenbaarde dinge is vir ons en ons kinders tot in ewigheid, om te doen al die woorde van hierdie wet.

Jes. 24:5 Want die aarde is ~~onthelig~~ ontreinig onder sy bewoners; want hulle het die wette oortree, die insetting geskend, die ewige verbond verbreek.

Ex. 29:28 En dit moet vir Aäron en sy seuns wees tot 'n ewige insetting van die kant van die kinders van ~~Israel~~ Yashar'EL,

Lev. 6:18 Almal wat manlik is onder die seuns van Aäron, mag dit eet. Dit is 'n ewige insetting ... 7:34 ; 10:15 ; 23:14

Num. 18:19 Al die offergawes van die ~~heilige~~ reine dinge wat die kinders van ~~Israel~~ Yashar'EL aan die ~~HERE~~ VADER afgee, gee Ek aan jou en jou seuns en jou dogters saam met jou as 'n ewige insetting. Dit is 'n ewige soutverbond voor die aangesig van die ~~HERE~~ VADER, vir jou en jou nageslag.

Soos ons hier bo en heel bo kan lees oor die betekenis van die woord 'ewig' gaan ek die openbaring rondom die betekenis kortliks uithaal.

Die woord Le-Olam beteken "Tot in ewigheid"; Ad-Olam beteken "Tot 'n ouderdom" en Olam beteken 'n bepaalde of beplande ewigheid plan.

M.a.w. Ons sit nou met Le-Olam wat van nou af is tot en met na die 1000 jaar van vrede wanneer die tydlose vir ons as mens sal begin. Ad-Olam wat gekoppel is aan 'n mens se lewe waarvan dit 'n korter tydsruimte is teenoor Le-Olam. Olam word meer toegegee aan profete en sieners waarvan hulle 'n voorspelling gemaak het wat gaan gebeur in die toekoms. Olam sal met die verloop van tyd voorspelling bespeur kan word, en dat dit 'n einde het.

Kom ons kyk na gevalle uit die Skrif om die verskillende tydvlakke te kan identifiseer soos: "Offers", "Feeste", "Wette" "Opdragte" Verbonde en "Voorspellings"

Offers val baie saam met die feeste en opdragte. Om die offers wat ons (*veral in die Ou Verbond*) lees in die Skrifte is voor die hand-liggend tog 'n verborgenheid. Kom ons kyk eers na die woord "offer". Offer beteken "aanbod of aanbieding" Dus om 'n dier te offer is 'n aanbieding tot VADER (*Tog het VADER gesê dat HY ons "aanbiedings" verag weens valsheid*).

Om die woord “offer” in twee te breek lê daarin ‘n billike verduideliking daarin. Of en fer “Of” word gebruik as ‘n tussenganger vir sekere keuses soos: Dit is of links ‘of’ regs; Dit is ‘of’ Jan sin ‘of’ Koos sin; Of die gode oorkant die Eufraat, of die gode van die Amoriete Jos.24:15; Of Ha satan, of VADER. Kom ek stel dit so: Daar is ‘n VADER met SY Seun en Ha satan. Dié Seun staan in die plek van “OF”. ‘Of’ is die middelpunt, tussenganger en middelaar. YAHUSHA is die “Middelaar” (“OF”) waarvan Hy voortdurend genoem het dat ons VADER moet kies. YAHUSHA het gekom as dié tussenganger van VADER en die uitverkore volk. YAHUSHA is dié Middelpunt vir VADER en SY uitverkore. YAHUSHA is dié “of” fer. Voor YAHUSHA was daar simboliese offers wat Hy kom vervul het. M.a.w. voor YAHUSHA was daar ‘tussengangers’ (*diere, saad, wyn, ens.*). VADER het tog duidelik genoem dat alle eersteling aan HOM behoort, en HY het self die lam as tussenganger daar gestel sodat die mens ‘se eersteling’ kon bly leef.

Die tweede gedeelte van die woord is ‘Fer’. Fer in die Afrikaanse taal is nie regtig uitleg-baar nie mits ons sê “Ferm” wat die indruk gee van krag. In die Engelse taal beteken ‘fer’ “That which carries” Met die twee uitdrukkings kan ons sê: Die “Kragvolle wat ons oortredinge kom dra het vir ons”.

Samevattend oor die “offer” woord kan gesien word dat YAHUSHA gekom het in die plek van alle offers. Soos die ram gekom het in die plek van Isak as offer op die berg so het YAHUSHA ook gekom. Wat wel onthou moet word is dat YAHUSHA kom vervul (*Matt.5:17*) en volbring (*Joh.19:30*) het. Hy het nie die feeste kom ontbind nie, maar (*vervul*) vervolmaak, verwesentlik (*volbring*) voltooi en afgehandel.

Ek gaan nou oor na feeste. Nêrens in die Skrif lees ek dat die feeste tot niet verklaar was nie. Ons lees wel dat die feeste VADER verag en kwaad maak. Toe YAHUSHA op aarde tussen Sy uitverkore gewandel het, het Hy saam met Sy dissipels feeste gehou. Hulle het saam met YAHUSHA nog al die offers geslag en op altare geoffer. Met die foltering voordat YAHUSHA die asem uitgeblaas het, het Hy duidelik uitgeroep “DIT IS VOLBRING”. Dus voltooi en afgehandel. Die werk wat VADER vir Hom gegee het, het Hy kom doen.

Kom ons kyk na die wette; Ons kan vra: Maar watter wette word daar van gepraat? As dit die huwelik-wette tussen YAH en Sy uitverkore is moet ek u meedeel dat dit tot niet is vir tien stamme, maar wel bestaan vir die twee oorblywende stamme “*Juda en Benjamin*” (*Judeërs nie “Jode” nie*).

Net vinnig oor wette rondom ‘n huwelik: Dit gaan oor wat die bruid mag / moet aantrek; eet; drink; ander geselskappe; hoe om die man se kinders groot te maak; vir die man te sorg; ens. As die vrou geskei is kan sy nog steeds al die huwelik wette nakom behalwe om vir haar geskeide man te sorg. Hoekom? Omrede al daardie wette haar beskerm het, en so ook gewerk het tot oorlewing.

Dus om die wette van die huwelik te volg is ‘n eie keuse tot bestaan. Waaraan ek die Huwelik-wette koppel is aan “Olam” wat ‘n bepaalde tydsgewrig gekoppel is.

Die tien wette wat by baie geken as die tien Gebooie is sekerlik die belangrikste wette wat nooit gebreek mag word nie. Die Gebooie is die bestaan op aarde. Word dit geminag dan ontstaan wanorde en dood tree in. Ek koppel die tien wette (Gebooie) aan “Le-Olam” wat tot in ewigheid gekoppel is. Dus kan tyd nie intree nie, en sal dus verby die 1000 jaar van vrede wees waar ewigheid bestaan.

Die volgende wette is gekoppel aan verordeninge wat die feeste aanbetref. Baie vrae kom nou rondom die wette soos: Is dit volbring? Is dit tot niet? Bestaan dit nog? Mag ons dit of dat nog doen? Ens.

Ek vat vanaf die slag van diere deur tot graan of wyn wat op baie feeste gebruik word vir verskeie redes. Die offer van graan en dier kom al van Kain en Abel toe hulle vir VADER ‘n loffer gemaak het. Al die offers daarna het meer gesofistikeerd geraak tog het elk ‘n besondere betekenis voor VADER. Nou hierdie offers met hul wette en verordeninge is gekoppel aan “Olam” Ad-Olam en Le-Olam.

Toe YAHUSHA as YAH (*Boodskapper/ Engel met hoofletter “E”*) in die Ou Verbond met die volk gewandel het was Hy baie streng met die onderhoud daarvan. Indien iemand dit gebreek het, het die dood ingetree. Nou daardie wette het bly staan tot daar ‘n “skeibrief” gegee was aan die tien stamme (*Jes. 50:1 So sê die ~~HERE~~ YAH: Waar is tog die skeibrief van julle moeder waarmee Ek haar verstoot het? Of wie is daar van My skuldeisers aan wie Ek julle verkoop het? Kyk, weens jul ongeregtighede is julle verkoop, en weens jul oortredinge is julle moeder verstoot*).

Hier het ons met ‘n baie belangrike aspek te doen: ‘n Verbond is gemaak tussen VADER, Seun en Sy uitverkore (*‘n Verbond is ‘n verseëling van ‘n ooreenkoms*). Die Verbond bevat wette, insettinge en verordeninge waarvan die naam ‘verbond’ gesien moet word as die handtekening op die kontrak, m.a.w. die Verbond het ‘n inhoud en dit is waaroor die kontrak gaan. Wat wel belangrik is om te weet is dat ‘n verbond tot niet kan gaan, maar nie die verbond-wette nie.

Die wette van 'n verbond sal latent bly tot en met daar weer 'n nuwe verbond opgetrek word.

VADER stuur vir YAHUSHA met sekere opdrag wat uitvoer moet word om die "Olam" oor te laat gaan in "At-Olam" en "Le-Olam". Soos genoem het sekere verbonde hul ontstaan verloor en sekeres in vervulling gegaan.

(1) Die Adamitiese verbonde ken ons nie veel nie, maar weet dat dit wel bestaan het (*Hos. 6:7 Maar hulle het soos Adam die verbond oortree, daar het hulle troueloos teen My gehandel*) en so ook Kain en Abel se offers, ens.

(2) Noag het ook vasgehou aan daardie onbekende Adamitiese verbonde (Gen.8:20) en so ook nuwe verbonde ontvang (Gen.9:8-17) wat ook redelik duister en onbekend is aan ons as die nageslag van Adam.

(3) Die verbonde met Abraham is waar ons meer duidelikheid ontvang (*Ook baie aangeval word mee*) van die vorige wette, verordeninge en verbonde.

Abram ontvang eers 'n belofte.:

Gen. 12:1 En die ~~HERE~~ VADER het aan Abram gesê: Gaan jy uit jou land en uit jou familie en uit jou vader se huis, na die land wat Ek jou sal wys. :2 En Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou naam so groot maak, dat jy 'n seën sal wees. :3 En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word(Gen.15:5).

Abram berei voor om die belofte te laat verwesenlik.:

Gen. 15:10 En hy het dit alles vir Hom gebring en dit middeldeur gedeel en die helftes teenoor mekaar gelê; maar die voëls het hy nie verdeel nie.:17 En ná sononder, toe dit heeltetal donker was, gaan daar 'n rokende oond (VADER) en vurige fakkel (SEUN) tussen dié stukke vleis deur. :18 Op dié dag het die ~~HERE~~ VADER met Abram 'n verbond gesluit en gesê: Aan jou nageslag gee Ek hierdie land, van die rivier van Egipte af tot by die groot rivier, die Eufraatrivier:

Abraham ontvang die belofte in verbonde.:

Gen. 17:1 Toe Abram nege en negentig jaar oud was, het die ~~HERE~~ VADER aan Abram verskyn en vir hom gesê: Ek is God Skepper, die Almagtige; wandel voor My aangesig, dan sal jy opreg wees. :2 En Ek wil My verbond sluit tussen My en jou, en jou buitengewoon vermeerder. :3 Toe val Abram op sy aangesig, en God Skepper het met hom gespreek en gesê: :4 Wat My aangaan, kyk, My verbond is met jou, en jy sal die vader van 'n menigte van nasies word. :5 Daarom sal hulle jou nie meer Abram noem nie, maar jou naam sal wees Abraham, want Ek maak jou 'n vader van 'n menigte van nasies.

Gen. 17:6 En Ek sal jou buitengewoon vrugbaar maak: Ek sal jou tot nasies maak, en konings sal uit jou voortkom. :7 En Ek sal My verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n ~~Goed~~ Skepper te wees en vir jou nageslag ná jou. :8 En Ek sal aan jou en jou nageslag ná jou die land van jou vreemdelingskap gee, die hele land Kanaän, as 'n ewige besitting; en Ek sal vir hulle 'n ~~Goed~~ Skepper wees. :9 Verder het ~~Goed~~ Skepper aan Abraham gesê: Maar jy moet My verbond hou, jy en jou nageslag ná jou, van geslag tot geslag. :10 Dit is My verbond wat julle moet hou tussen My en julle en jou nageslag ná jou: Al wat manlik onder julle is, moet besny word— :11 julle moet aan die vlees van julle voorhuid besny word, en dit sal 'n teken wees van die verbond tussen My en julle. :12 'n Seuntjie van agt dae dan moet onder julle besny word, al wat manlik is in julle geslagte. Die wat in jou huis gebore is, en die wat van enige vreemdeling met geld gekoop is, wat nie van jou geslag is nie— :13 die wat in jou huis gebore en wat met jou geld gekoop is, moet sekerlik besny word. So moet dan my verbond in julle vlees wees as 'n ewige verbond. :14 En wat manlik is en die voorhuid het, wat nie aan die vlees van sy voorhuid besny is nie—dié siel moet uit sy volksgenote uitgeroei word: hy het my verbond verbreek. :15 Verder het ~~Goed~~ Skepper aan Abraham gesê: Sarai, jou vrou, moet jy nie Sarai noem nie, maar haar naam sal Sara wees. :16 En Ek sal haar seën en jou uit haar ook 'n seun gee; ja, Ek sal haar seën, sodat sy tot nasies sal word; konings van volke sal uit haar voortkom.

Nou kan ons vra in watter 'ewige' kategorie val die beloftes van Abraham? Die beloftes en verbonde wat aan Abraham gemaak was word oorgedra aan Isak en Jakob. Dit kan At-Olam en Olam betekenis hê maar nie Le-Olam nie. Hoekom? Dit kon verbreek word; Die volk het gaan hoereer, verbaster verbonde en wette verbreek en daarbenewens 'n skeiding veroorsaak tussen hulle en VADER (*Tussen hulle en die verbond-stigter*). Ja kan ons sê, maar dié verbonde was met Abraham, Isak en Jakob en nie met die nageslag van Jakob nie. Jakob en sy nageslag het hul eie moets en moenies gekry, maar die verbond met Abraham het meer 'n Ad-Olam wat "Tot 'n ouderdom" is en Olam wat 'n bepaalde of beplande ewigheid-plan het.

Dus die verbonde aan Abraham het oorgegaan in latentheid. Dit kan nooit tot niet verklaar word nie (*'n Verbond kan gesien word as 'n houer waarin die wette gestoor word. Die houer word gebreek en bestaan nie meer nie, maar die inhoud lê uitgestort. Verwaarloos en vertrap lê dit daar tot en met daar weer 'n nuwe houer na vore kom om daardie wette op te neem*). Ons as nageslag wag op VADER om daardie oorspronklike "Verbonde" weer op te roep sodat SY uitverkore weer kan herstel. Eers daar gelaat.

Ek gaan nou oor na Moses waar hy die tien wette op kliptafels ontvang het, tog ook die verordeninge en vele ander wette wat oral ingepas moet word.

Ex. 12:12 Want Ek sal in hierdie nag deur Egipteland trek en al die eersgeborenes in Egipteland tref, van mense sowel as van diere. En Ek sal strafgerigte oefen aan al die gode van Egipte, Ek, die ~~HERE~~ VADER.

:13 Maar die bloed (let op dat die “Bloed” ‘n teken is) sal vir julle ‘n teken wees aan die huise waarin julle is: as Ek die bloed sien, sal Ek by julle verbygaan. En daar sal geen verderflike plaag onder julle wees wanneer Ek Egipteland tref nie. :14 En hierdie dag moet vir julle ‘n gedenkdag wees, en julle moet dit as ‘n fees tot eer van die ~~HERE~~ VADER vier. Julle moet dit in julle geslagte as ‘n ewige insetting vier. :15 Sewe dae lank moet julle ongesuurde brode eet; alreeds op die eerste dag moet julle die suurdeeg uit julle huise verwyder. Want elkeen wat gesuurde brood eet, van die eerste dag af tot die sewende toe, dié siel moet uit ~~Israel~~ Yashar’EL uitgeroei word.

Ex. 19:5 As julle dan nou terdeë na My stem luister en My verbond hou, sal julle My eiendom uit al die volke wees, want die hele aarde is Myne. :6 En julle sal vir My ‘n koninkryk van priesters en ‘n heilige afgesonderde nasie wees. Dit is die woorde wat jy aan die kinders van ~~Israel~~ Yashar’EL moet meedeel.

Ex. 24:7 En hy het die boek van die verbond (wat Moses ontvang het) geneem en dit voor die ore van die volk gelees. En hulle het gesê: Alles wat die ~~HERE~~ VADER gespreek het, sal ons doen en daarna luister. :8 Toe neem Moses die bloed en gooi dit uit op die volk en sê: Dit is die bloed van die verbond wat die ~~HERE~~ VADER met julle gesluit het op grond van al hierdie woorde.

Ex. 32:13 Gedenk aan Abraham, Isak en ~~Israel~~ Yashar’EL, u knegte, vir wie U by Usself gesweer en aan wie U gesê het: Ek sal julle nageslag vermenigvuldig soos die sterre van die hemel, en hierdie hele land waarvan Ek gespreek het, sal Ek aan julle nageslag gee, dat hulle dit vir ewig kan beërwe.

As ons die gedeelte deurwerk sal ons agterkom dat dit parallel met Abraham se verbonde loop tog dieper wat die fees (Shabbat) en feeste (Shabbate) aanbetref. Ons noem die verbonde met hulle wette die “Moses” wette, maar tog soos ons dit hierbo kan bespeur kom dit reeds van Adam se tyd af.

Nou het ons ‘n redelike spektrum oor die scenario van “ewige” verbonde en wette. Baie wil nou die verbonde ‘of dit bestaan of nie’ steeds onderhou. Deur sulke gedagtes stel hulle hulself bloot tot oordeel waarvan hulle alleen staan waar Ha satan heers.

Ek gaan nou oor na YAHUSHA waarvan Hy al jou vrae kan antwoord oor wet, orde en wat jou te doen staan.

Met YAHUSHA se toetrede het HY alles ontbloot wat Ha satan en sy werkers hier kom verdoesel het. Toe YAHUSHA begin het met VADER se opdrag hier op aarde het daar baie konflik ontstaan.

Matt. 12:47 Toe sê iemand vir Hom: Dáár staan U moeder en U broers buite en wil graag met U praat (Hier is 'n belangrike aanhaling wat uitwys dat YAHUSHA se eie mense Hom gesien het as vals of dat Hy met 'n nuwe geloof na vore gekom het).

Matt. 26:28 Want dit is My bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van ~~sondes~~ oortredinge (Hier word YAHUSHA se 'bloed' uitgewys as redding soos die bloed van die lam wat geslag was in Egipte; Tog kom die bloed soos ek genoem het van Adam se era af. Die "bloed" wat aan VADER behoort het sy ewigheid (*Pad*) begin met die eerste Adam tot en met die tweede "Adam". Die 5500 jaar pad tussen die eerste Adam en die tweede het dit sy volmaaktheid (*volbring 5500 + 33 = 5533 vs. Joh.19:30 volg Adam en sy seuns bo*) bereik.

Mark. 1:27 En almal was verbaas, sodat hulle onder mekaar vra en sê: Wat is dit? Watter nuwe leer is dit, dat Hy met gesag ook aan die onreine geeste bevel gee en hulle Hom gehoorsaam is? (Nuwe leer)

Mark. 14:24 En Hy sê vir hulle: Dit is My bloed, die bloed van die nuwe ~~testament~~ verbond, wat vir baie uitgestort word (YAHUSHA kom en deel aan Sy uitverkore 'n nuwe leer en nuwe Verbond, tog die oue. Hy het aan Sy mense genoem dat hulle 'n geskeide vrou was en dat hulle nie aan die ou wette voldoen tot beskerming nie. Indien hulle dit wil toepas sal die oortredinge van hulle voorouers saam met hulle onder die "Moses" wette moet sorteer en daarvolgens geoordeel word 'met die tweede opstanding').

Luk. 22:20 Net so neem Hy ook die beker ná die maaltyd en sê: Hierdie beker is die nuwe ~~testament~~ verbond in My bloed wat vir julle uitgestort word (Baie bid tot VADER met die gedagte van YAHUSHA 'tog besny en slag hulle 'n lam'! Wat onthou moet word is dat "bloed" aankla en bevry. Sien jy YAHUSHA se bloed oor die hoof is jy reeds aangekla. Misbruik jy Sy bloed is jy reeds aangekla. Die Jode het YAHUSHA se bloed oor hulle en hul nageslag geroep wat hulle dus gaan aankla, maar die wat benat was deur hulle daad was hulle daardeur bevry en onskuldig).

1Joh. 2:7 Broeders, dit is geen nuwe gebod wat ek aan julle skryf nie, maar 'n ou gebod wat julle van die begin af gehad het. Die ou gebod is die woord wat julle van die begin af gehoor het. :8 En tog skryf ek aan julle 'n nuwe gebod wat waar is in Hom en in julle, want die duisternis gaan verby en die waaragtige lig skyn alreeds (Hoor jy wat daar staan? "Nuwe tog die oue" Die wette van die ou verbond kan nooit vergaan nie, maar herroep word (*Herroep in die sin van "volbring en voltooi"*)).

Nou elkeen wat aan die Moses wette vashou (nie die Gebooie nie) is waar Ha satan en die Skrifgeleerdes willekeurig die *Yashar'EL* aankla. Die wat 100% onder YAHUSHA staan kan nie deur Ha satan en sy werkers aangekla word as wetsoortreders (*die menslike of vleeslike verordeninge*) nie, want daardie verbonde met hulle wette bestaan nie meer nie. YAHUSHA het tog die Nuwe Verbond aan ons kom bekend maak (*Matt. 26:28 Want dit is My bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes oortredings*). Ons as die uitverkore volk van VADER staan tans as 'n brose blommetjie in 'n blomtuin. Ons staan voor die vernuwing van die nuwe verbond, maar wel in die tydvak van die guns (*Met Wet en Gebod voorwaardes*).

Soos ek bo genoem het is daar nou twee weë weens die verbreking van die Verbonde. Die een is die Skrifgeleerdes en Fariseërs 'verbond onderhouding' (*besnyding en die slag van 'n lam*) en die wat onder die guns van VADER staan. Ons moet wel verstaan dat beide die twee wette het, maar met die verskil dat die ou verbond manne geoordeel sal word onder die verbond wette en die wat onder YAHUSHA staan is voorbereiding-wette; tog die oue, maar vir die nuwe wat voorlê.

As YAHUSHA nie ons kom loskoop het nie sou ons almal gesterf het weens verbond oortredinge. Daarom moes HY gebore word in die (*Adam*) Abraham bloedlyn waarvan die Levitiese-orde nog bestaan het. YAHUSHA was besny op die agtste dag en het 100% beweeg in Moses se (*YAH se eie*) wette. Alhoewel die dissipels en dié Gesalfde besny was het Hy nie opdrag aan hulle of andere gegee om besny te word nie, maar wel gedoop moet word. Die Levitiese-orde het lankal verval toe die volk 'n koning gesoek het, tog het hulle voort geploeter tot en met die foltering. Voor die foltering het YAHUSHA saam met Sy dissipels die 'lam' geslag, maar na die foltering mag ons nie meer 'n lam slag nie, want ons Lam se 'bloed' is klaar eenmaal vir ons gegee tot "volbring en voltooiing".

Ek sluit met die Pasga en dan my relaas. Pasga was YAHUSHA se laaste taak sodat volbring en voltooiing kon intree. YAHUSHA se opdragte van VADER was om die "teken" en vervulling van die ou verbond te kom vervul en 'n nuwe daar te stel. Die Pasga het sy vervulling gekry toe YAHUSHA gesê het in Joh. 19:30..."dit is volbring". Die Pasga is vandaar af net met wyn ("*dit is My bloed*") en brood (*dit is My liggaam*) gevier wat gevolg is met die sewedaags ongesuurde brode, m.a.w. die slag van 'n lam het gestop met YAHUSHA waarvan HY alle feeste se offers opgeneem het in HOM.

In Joh. 3:5 YAHUSHA antwoord: *Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van VADER nie ingaan nie.*

Met die gelese vers hoor ek nie dat Hy praat van besnyding of die onderhou van Moses se wette nie. Kyk gerus ook na die man wat langsaan YAHUSHA gehang het (Luk.23:43).

Die huwelik-verbond is tot niet verklaar weens ons voorvaderlike hoerery (Jes.50:1; Jer.3:8). Die Abraham verbond kon nie tot niet verklaar word nie, want die verbond Stigters het toe nog geleef (*VADER en Seun YAH die eerste verbond stigters*) tot die Seun kom sterf het. Toe YAHUSHA kom sterf het was die verbond tussen Abraham en YAH tot niet (“*latent*”).

YAH (*Seun van VADER*) is deur VADER gestuur as Losser om ons ‘Los te koop’ van daardie verbond oortredinge. Die dag toe YAHUSHA gesterf het, het die ou verbonde tot niet gegaan. Hoekom? Omrede die twee partye (“*Abraham, Isak en Jakob as een party en VADER en YAHUSHA die ander*”) ‘n verbond verbreking ondergaan het.

Ons troos lê in dat daar vir ons ‘n nuwe verbond voorlê. Die twee partye is weereens die *Yashar’EL* en YAH. Met die nuwe sal daar soos met al die ander verbonde ‘n teken wees, en dit sal heel des moontlik besnyding wees. So die wat hulle op die ou verbond laat besny het, het ‘n probleem.

Ha satan aan die anderkant kan ons nou nie meer aankla nie, want die verbonde is tot niet verklaar. Daar is slegs die “Wette en Gebooie” van VADER wat die ganse aarde huidig beskerm, maar terselfdertyd word Ha satan daardeur aankla. Ha satan is deur die dood van YAHUSHA uit die hemel geskop en so ook uit die doderyk. Hy is nou die brullende leeu wat verskeur en soveel as moontlik saam met hom hel toe sleep.

Nou tot vertroosting. Die wat YAHUSHA hulle redder en Losser aanskou, die Gebooie doen en wat onder Sy vaandel skuil, sal gered word.

Joh. 6:68 En Simon Petrus antwoord Hom: Meester, na wie toe sal ons gaan? U het die Woorde van die ewige lewe. Joh. 6:69 En ons het geglo en erken dat U die Gesalfde is, die Seun van die lewende VADER. Joh. 17:25 Regverdige VADER, al het die wêreld U nie geken nie, tog het Ek U geken, en hulle hier het erken dat U My gestuur het. Mat 16:16 En Simon Petrus antwoord en sê: U is die Gesalfde, die Seun van die lewende VADER.

1 Joh. 4:2 Hieraan ken julle die Gees van VADER: elke gees wat bely dat YAHUSHA dié Gesalfde in die vlees gekom het, is uit VADER; 1 Joh. 4:3 en elke gees wat nie bely dat YAHUSHA dié Gesalfde in die vlees gekom het nie, is nie uit VADER nie; en dit is die gees van die Antiehris Nasaréner waarvan julle gehoor het dat hy kom, en hy is nou al in die wêreld.

Nou kan ons die vrae beantwoord soos: Sluit ons by die nuwe verbond aan met ons eie bloed of die Bloed van YAHUSHA? Het die teken van die ou verbond vervul geraak in YAHUSHA? Hoopvol het jy die antwoorde!

Ek sluit om uit te lig watter “wette” onderhou moet word en watter nie:

Verbonde is verbreek of latent tog bestaan hulle wette soos bo genoem (*Dit is soos ‘n geboortedag van ‘n mens eenmaal het die geboorte plaasgevind en daarvandaan verbly jy jou as jou geboortedag weer aanbreek die volgende jaar*). Wat ook in gedagte moet bly is dat sekere wette (*wat in die verbonde was of selfs die natuurwette*) nie gevolg word op aarde nie ‘sal die Adamiet vergaan’. M.a.w. VADER het sekere wette daar gestel sodat lewe op aarde voort kan spruit.

Hier is wette wat verewig (Le-Olam) onderhou moet word.

Die 10 Gebooie.

Die spyse wette (wat ek moet eet en drink)

Die kleding wette (wat ek moet aantrek)

Die Sabbat (die sewende dag rus)

Die Sabbatte (feeste wat YAHUSHA kom vervul het)

Wette wat nie meer onderhou hoef te word nie.

Die slag en offer van diere.

Die Levitiese orde (dit het oorgegaan na die man in die huis)

Die besnyding teken

Mense die Le-Olam / ewige moet ons strewende wees. Dit is daar waar tyd opgehou het en die ewige begin. Vra VADER om vir jou lig op die ewige lewe te werp sodat jou oordeel reg kan wees. Word gedoop in die Naam van YAHUSHA; Seën en salf, Ondersoek wat waarheid is; Roep dié Naam van ons Koning aan “YAHUSHA” in alle omstandighede.

Bedink dit